



The Office Of The Principal and Vice - Chancellor

PROF MANDLA MAKHANYA, REKTOR EN VISEKANSELIER

**UNIVERSITEIT VAN SUID-
AFRIKA**

VERWELKOMING, SESSIE 1: SEMINAAR EN

BOEKBEKENDSTELLING *University of South Africa and South*

African Universities in Transition: Making of an African

University: Past, Present and Future

Senaatsaal, Unisa Muckleneuk-kampus

7 September 2018

- Programdirekteur: Dr Somadoda Fikeni, Direkteur: Spesiale Projekte en Adviseur vir die Rektor en Visekanselier
- Prof R Viljoen, Voorsitter: Departement van Geskiedenis en Projekleier
- Prof A Manson, skrywer van die publikasie
- Lede van Unisa se Uitvoerende en Uitgebreide Bestuur
- Ons deelnemers vanoggend:
 - Prof Z Motsa, Direkteur: Vakgeleerdheid in die Eenheid

Veranderingsbestuur

- Prof Msila, Direkteur in die Eenheid Veranderingsbestuur
- NSVR-President: Me Z Sodladla
- Konvokasiepresident: Mnr S Mhlungu
- NEHAWU-Voorsitter: Mnr L Hontoti
- APSA-Voorsitter: Mnr JJ Jonker
- Unisa Women's Forum-Voorsitter: Dr S Kumalo
- Black Forum-President: Prof H Mogashoa
- Unisa-personeel en ons studente
- en ons Unisa-koor

Hartlik welkom aan u almal op hierdie pragtige lentedag. Daar is oral tekens van hernuwing. Terwyl ons wag dat die pragtige jakarandas later vandeemaand en gedurende Oktober begin blom, wil ek graag enkele interessante feite met u deel en 'n paar opmerkings maak.

Die jakarandabome het 'n baie interessante geskiedenis in Suid-Afrika. Jakarandas was oorspronklik inheems aan Suid-Amerika. Hul geskiedenis in Suid-Afrika kan teruggevoer word tot 1880, toe hulle uit Argentinië en later Brasilië ingevoer is. Voor die ontdekking van goud op die Witwatersrand in 1886 was daar reeds verskeie boere in die

omgewing wat saad uit die Kaap saamgebring het en eike-, okkerneut- en ons jakarandabome geplant het. Trouens, boomentrepreneur William Nelson, wie se onderneming as Nelsonia-kwekery bekend gestaan het, het blykbaar bome langs die strate van die destyds nuut gevestigde voorstad van Kensington (in Johannesburg) geplant – 'n verstommende *106 kilometer* lank. Die taak het ongeveer ses maande geduur om te voltooi, wat op sigself 'n prestasie is. Daar word ook beweer dat twee jakarandabome in die 1880's in die tuin van *Myrtle Lodge* geplant is, wat vandag die Sunnyside-skool in Arcadia is. Daar is selfs 'n plaatjie wat geskep is om hierdie geleentheid te gedenk.

Ek veronderstel ons kan dus sê dat ons selfs deur die jakarandas gekoloniseer is! - En asof dit nie genoeg was nie, is daar in Groenkloof byna 100 *wit* jakarandabome, wat deur 'n plaaslike Pretoria-inwoner ingevoer is. Genoeg hiervan.

Ons kan dus met veiligheid aanvaar dat jakarandas reeds ongeveer 138 jaar in die gebied voorkom, en as ons dink dat dit 'n lang tyd is, moet ons onthou dat Unisa reeds *145 jaar* bestaan. Ons vier dit op hierdie oomblik! Ja, Unisa gaan selfs die beroemde Gautengse jakarandas vooraf. En net soos die jakarandas het ons 'n fassinerende geskiedenis – net soos hulle 'n onuitwisbare botaniese voetspoor op die Gautengse en Suid-Afrikaanse landskap gelaat het, het Unisa dit

ook gedoen, maar ons s'n is 'n *opvoedkundige voetspoor*, en ek redeneer dat dit 'n veel groter en meer sinvolle uitwerking op ons land se ontwikkeling gehad het.

Presies hoe beduidend daardie uitwerking is, en hoe Unisa se storie en die geskiedenis hierdie afgelope 145 jaar ontvou het, is die onderwerp van intense belangstelling – nou meer as ooit tevore. Daar was publikasies in die verlede wat ons geskiedenis gekarteer het, maar die heersende kontekste het 'n duidelik omskrewe uiteensetting verseker. Unisa was en is soveel meer as dit. Ons geskiedenis in die jare sedert die vorige publikasie deur Boucher (1973) het nie die geregtigheid ontvang wat dit verdien nie. Unisa het aangepas en verander – van 'n instelling nou verweef met die grein van die apartheidsstaat vanaf 1948 tot die vroeë 1990's – in 'n universiteit wat die aard en kenmerke van 'n gedemokratiseerde samelewing sowel weerspieël as bevorder. Unisa ná demokrasie het ook radikaal verander met betrekking tot sy strategie, sy nasionale, kontinentale en globale relevansie en voetspoor, sy leierskap en bestuur en sy personeel- en studentdemografie. Dit is 'n storie wat vertel moet word, en die tyd om dit te vertel is nou.

Unisa se geskiedenis het baie hoofstukke, en ek weet dat, op die een of ander datum in die toekoms, namate die universiteit voortgaan om te ontwikkel, sal daar 'n ander boekbekendstelling wees wat weer 'n

ander hoofstuk beskryf, veral die een wat die rol van studenteleiers en georganiseerde arbeid in ons ontwikkeling vertel. Laat ons egter nou die afsluiting van hierdie belangrike institusionele projek en die bekendstelling van hierdie merkwaardige volume vier.

Kollegas, ek is verheug om deel te wees van hierdie boekbekendstelling en die besprekings wat deur die loop van vandag sal plaasvind. Ek wil graag almal geluk wens wat by sy produksie betrokke was – van die projekbestuurders tot die skrywer, proeflesers en die drukkers.

Vanoggend se sessie verteenwoordig die eerste deel van ons program oor die totstandbrenging van 'n afstandsonderrig-universiteit (*“the making of a distance learning university”*). Later vandag sal ons met die tweede sessie voortgaan, wat fokus op Suid-Afrikaanse universiteite in oorgang: hede en toekoms (*“South African universities in transition: present and future”*). Ek moedig u aan om al die verrigtinge by te woon.

Ek nooi u uit om terug te sit, te ontspan en die fees van geskiedenis en bespreking wat op ons wag, te geniet.

Baie dankie.